

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1976@gmail.com

Julie 2010 **Nommer 94**

INHOUDS OPGAWE

Ou-vrou gedrag ...1

**Die Christen en politiek
in die boek Openbaring ...3**

Die regverdiging ...4

Kerkdiens – werkdien ...5

OU-VROU GEDRAG

PA Bergwerff

“Sou mense hierdie week kon agterkom dat jy ‘n Christen is?”

Hoe sou jy dit beantwoord?

Is ek ver van die waarheid af, as ek sou veronderstel dat jy (nadat jy ‘n oomblik nagedink het) sal antwoord: “ Wel, ek bid darem altyd in ‘n restaurant voor ek begin eet” of: “mense sien hoe ons Sondae altyd kerk toe gaan” of iets in daardie lyn?

Meer nog, ons maak immers gereeld ons stem dik teen aborsie en eutanase (genadedood), teen die verseksualisering van die samelewing, teen die aantasting van die Sondagsrus, die aanranding van die Christelike onderwys en wat nie nog alles nie?

Ja, ons kan inderdaad sê: As Christene staan ons tog nog uit en is ons nog herkenbaar in die Suid-Afrikaanse samelewing. Ek wil ook niks slegs hieroor sê nie.

Maar sê nou maar daar word vir jou gevra: was jy die afgelope week ook vriendelik teenoor jou naaste, het jy vrede gesoek in konfliktsituasies, iets van die liefde en blydschap uitgestraal? Was jy geduldig, goed, getrou en het jy sagmoedig opgetree, selfbeheersing getoon (Gal. 5:22), was jy nederig (Efes. 4:2), was jy innerlike bewoë met jou medemens in nood en het jy geduld beoefen (Kol.3:12)?

Sulke vrae laat ons dalk ‘n bietjie meer ongemaklik voel, is bietjie moeiliker om ronduit te beantwoord. Eintlik wil ons baie graag ‘n vinnige oplossing gee soos: “Maar ons is nou eenmaal sondige mense en ons struikel gereeld” of iets soortgelyks, maar diep in ons harte weet ons dat dit alles maar net goedkoop praatjies is.

En tog is dit die eerlike vrae wat ons moet vra – en ek verseker u, dit is allereers die vrae wat ek vir myself moet beantwoord. Want as ek my Bybel oopmaak en probeer naspur wat daarin staan oor hoe Jesus-verloste mense hulle behoort te gedra, dan sien ek daarin nie allereers sekere *uiterlike* persoonlike of gemeenskaplike gedragskenmerke

raak nie. Dit ook, maar nie in die eerste plek nie. Dit is nie waarmee dit begin nie. Nee, in die Woord van ons God lê die begin by 'n *lewenshouding* wat oor en oor herhaal en benadruk word. Of, om dit in Bybelse terme uit te druk, by 'n gesindheid. Daardie gesindheid – m.a.w. hoe jy daarvoor dink, wat jou daartoe dryf – bestuur jou mond, jou oë, jou hande, jou voete en jou ore. Met ander woorde: die gesindheid het groot konsekwensies vir jou uiterlike gedrag – van kerk toe gaan tot die leuses wat jy op jou skooltas skryf. Die beginpunt lê egter in jou hart, in jou denke. By die gedrag van die volgelingen van Jesus Christus gaan dit in die eerste plek nie oor die vertoon van 'n klompie uiterlike kenmerke nie, en sekerlik nie daarvoor om te voldoen aan 'n reeks uiterlike *verpligtinge* nie. Dit gaan allereers oor 'n mentaliteit, 'n ingesteldheid, 'n nuwe uitkyk op die lewe.

Nee, in die Woord van ons God lê die begin by 'n lewenshouding wat oor en oor herhaal en benadruk word. Of, om dit in Bybelse terme uit te druk, by 'n gesindheid.

'n Heilige bereidwilligheid

En die eerste wat 'n mens dan moet opmerk oor die gelowige se nuwe uitkyk op die lewe, is dat dit nie gedryf word deur 'n heilige dwang, deur 'n heilige 'moet' nie. Die gelowige word gedryf deur 'n heilige *bereidwilligheid*. Paulus het geskryf dat Titus die inwoners van Kreta – waar Titus op daardie oomblik vertoef het – moet opwek om geen 'Joodse fabels of verdigsels' en 'gebooie van mense' na te volg nie (Titus 1:14). En die kern van daardie Judaïsme, waarteen Paulus hom ook elders in sy briewe uitspreek, was dat die diens van die HERE afgewater het tot 'n etiese stelsel van: 'jy moet dit of dat doen'. En dit sou dan meebring dat ons in God se goeie boekies kon kom, kon vorder op die heiligingspad, iets kon verdien. Maar die HERE soek nie kinders wat doen wat Hy sê omdat dit nou eenmaal 'moet' nie. Want sulke optrede is geen hart-saak nie.

'Moet' is die resep van Boeddha, Allah, Hindoe-

gode en enige ander heidense onsin. Die God van Abraham, Isak en Jakob soek jou hart. Jou wil. En Hy gaan daardie wil van jou ombuig, want jy is nie self daartoe in staat nie. Dit is geheel en al die werk van sy Gees, wat jou sal gee as jy Hom vra. Hy sal jou lewe verander, jou denke hervorm, jou lewensuitkyk van rigting laat verander - omdat Hy in jou hart gegee het watter onuitspreeklike en oneindige wonder dit is, dat Hyself die hele puinhoop van jou lewe op Hom geneem het. In Jesus Christus.

En so het ons by Jesus gekom – Lewe van my lewe en Dood van my dood – en by sy gesindheid. Sy ingesteldheid, wat nou jou ingesteldheid word. Jesus se lewensuitkyk, sy geestesinstelling. Daarvan praat Paulus in Filippense 2, dat Hy die gestalte van 'n dienskneg aangeneem het. Diensbaarheid, dit is wat Jesus ons as voorbeeld voorgehou het. Dit is ook die kernwoord van die samevatting wat Hy self van God se leefreëls vir die mensdom gegee het: jy moet die Here jou God liefhê en jou naaste soos jouself. Diens – aan God en my naaste.

Diens. Dit is sekerlik ook wat ons doen as ons Sondae twee keer kerk toe gaan, of as jy betrokke raak by Christelike politiek, of deur jou stryd teen aborsie en teen die oopmaak van winkels op Sondae. Maar nie as dit abstrakte, op sigself staande 'ideale' word nie – of nog erger: as dit verpligtinge word wat deel is van Christen-wees, terwyl jy ondertussen jou kerklike of werklike buurman byt en opeet, lelik praat oor mense van 'n ander ras en kultuur, jou vrou of jou man met netjiese taal die grond in trap, eintlik nie omgee wat rondom hou in die buurlande plaasvind nie, en so kan u die lys maar verder aanvul.

Of nee, laat my toe om tog verdere invulling daaraan te gee: As u glo dat daadwerklike liefdesbetoon binne en buite die gemeente, vergewingsgesindheid, barmhartigheid, vriendelikheid ten opsigte van jou broeders en mense van buite, ontferming teenoor jou naaste in nood – as u glo dat dit alles eintlik maar dinge vir wêreldvreemde papproeke en sukkelaars is.

Ja, dit alles is verseker wêreldvreemd wat Paulus en ander evangelieskrywers ons voorhou. Maar dit is dan ook presies die posisie waarin jy en ek geplaas is: ons is vreemdelinge in hierdie wêreld en dit sal

As ons nie bewus en vrywillig en met toegeneë hart draers van die profetiese Woord is nie, sal ons slagoffers daarvan word.

- K Schilder

mense raaksien as hulle na ons kyk! Wanneer die hele godverlate mensdom demonstreer en skree: “ek, ek, ek” dan roep ons: “jy, jy, jy”. Want as my God my in my verlore ellende so liefgehad het dat Hy my uit die voerbak van die varke wou uittrek, sal ek jou dan in jou hoogmoed, jou dwaalweë, jou uitsigloosheid, jou eensaamheid, jou materialisme en jou nood, wat ten diepste ook myne is, laat vassit? Of sal ek dalk deur my liefde vir jou iets laat sien van wat my Vader vir my oorgehad het?

Diensbaar wees waar jy kan

Terwyl ek vakansie gehou het en my ’n paar uur teruggetrek het om ’n paar gedagtes op papier te sit vir hierdie artikel, het ek in ’n onbewaakte oomblik die opskrif: ‘Ou-vrou gedrag’ neergeskryf. Dit na aanleiding van die genoemde hoofstukke uit die brief van Paulus aan Titus (Hfst. 2:3). Skaars het dit bekend geword wat die opskrif van my artikel sou wees, of ’n beminlike suster skakel my met die vraag of ek dalk ’n tirade gaan hou teen die ‘kwaadsprekery’ van die ouer susters van die gemeente. Want is dit nie waaroor Paulus in daardie vers gepraat het nie?

Gelukkig kon ek haar gerus stel: daardie gedagte het selfs nie in my opgekom nie. My bedoeling is om te fokus op die aansporing wat die apostel in dieselfde vers aan die ouer susters saamgegee het: wees priesterlik in jou optrede. Dit wil sê: wees diensbaar waar jy kan. Dit moet jy as jou hoof-taak beskou en beskou dit daarom as die hoof-**saak**. Dit moet jou gedrag, jou lewenshouding bepaal. En dit geld nie net vir die ouer susters nie, maar vir almal. Oueres, jongeres, opgeleides of ongeskooldes. Want daardie diensbaarheid weerspieël die gesindheid van Jesus Christus, wat die gestalte van ’n dienskneg aangeneem het.

Dade

Nog ’n laaste opmerking. Is hierdie onderwerp eintlik wel relevant teen die agtergrond van ons omstandighede in die jaar 2010? ’n Tyd waarin Suid-Afrika steeds meer versekulariseer (verwêreldlik) en ons (as Christene) steeds groter uitsonderings word? ’n Tyd waarin die duiwel

rondgaan soos ’n verskeurende leeu, en die kerk-besef afneem? ’n Tyd waarin my dogter onheilige plekke besoek en my seun vreemde gedagtes het oor die plek van kinders in die gesin en in God se koninkryk? Ja, en so kan ons aangaan. Moet ons in so ’n tyd nog besig wees met ’n onderwerp wat gaan oor diensbaarheid?

Verseker! Eerstens omdat ons omstandighede in beginsel nie verskil van, kom ons sê 1510 of 1710 of 1910, nie. Dit wat toe gegeld het, geld vandag nog. Immers, die evangelie geld vir alle tye en vir alle plekke. Ja, die maatskaplike omstandighede was toe sekerlik baie anders, maar dink u dat die mens en die duiwel en Jesus Christus al die jare weselik verskil het? Daar is konstantheid in die menslike geskiedenis en die duiwel werk hard daaraan om dit lewendig te hou: hy wil graag soos God wees en sy eie sakies reël, self op die troon sit en..... veral nie diensbaar wees nie, maar heers.

Wanneer die hele godverlate mensdom demonstreer en skree: “ek, ek, ek” dan roep ons: “jy, jy, jy”.

Maar, en dit is die tweede punt, wisselende kulture het wel wisselende dominante trekke. En vandag se kultuur word beheers deur die gedagte dat kerk en Christelike geloof oorblyfsels is van ’n verlede wat agterhaal is – hoogstens nog bekend van wyle oupa en ouma, wat nog iets daaraan ‘gedoen’ het. En in so ’n kultuur moet ons veral nie mooi stories aandra nie, want dit maak die mense rondom ons baie skepties. Daar is immers vandag honderde ketters wie se geskifte gelees word. Dus wie bepaal wat die waarheid is? Wie sê dat jy die waarheid het?

Is dit dalk toevallig dat Jesus self, wanneer Hy aan die begin van sy bergrede in Matt 5:16 sy volgelinge die sout van die aarde en die lig van die wêreld noem, hulle aanspoor om vir die wêreld hul goeie werke te wys, sodat so sy (en ons) Vader wat in die hemel is, verheerlik sou word? En dat juis hierdeur die wêreld van sy waarheid oortuig sou word?

Miskien sou ons minder moet praat oor wat ons ‘moet’ doen – en nog minder oor wat ons *sou* moet doen - en sou ons gewoonweg meer moet *doen*. Laat

He who sings well, prays twice.

- Augustinus

ons leesbare briewe wees. Vanuit die gesindheid van Jesus Christus, wat gekom het om te dien en wat ons in sy Woord aangespoor het om Hom daarin te volg.

Verseker, 'n slaaf is tog nie meer as sy Meester nie?

Of wat dink u?

DIE CHRISTEN EN POLITIEK IN DIE BOEK OPENBARING

E Viljoen

“The most powerfull piece of political resistance literature from the period of the early empire”. Dit is die beoordeling van die boek Openbaring wat die bekende Nuwe Testamentikus, Richard Bauckham, gee. Ons kan hierdie standpunt volledig met hom deel. Dit word egter wel 'n klein bietjie moeiliker wanneer ons vra wat presies verstaan word onder “political resistance literature”. Beteken dit dat die boek Openbaring self 'n soort politieke boek is, of is Openbaring juis geskryf as weerstand teen elke vorm van politiek?

Die verskil wat ons elke dag ervaar tussen God se heerskappy en werklike historiese gebeurtenisse, word deur Johannes verduidelik en verklaar aan die hand van 'n verhaal en beelde

Die profeet Johannes (hy noem self sy boek 'n profesie!) opponeer die hele sisteem van politieke mag in die Romeinse Ryk in die naam van die God van Abraham, Isak en Jakob. Beteken dit dat Johannes daarom ook elke moontlike vorm van politieke stelsel bevraagteken en afwys? Wys Johannes op 'n totaal ander alternatief? Wys Johannes dalk op 'n politieke stelsel wat werklik bevrydend vir almal kan wees?

Richard Bauckham se antwoord op hierdie vraag is negatief. Hy is oortuig dat die boek Openbaring elke vorm van politiek teëstaan. Volgens hom is die boodskap van Openbaring glad nie 'n politieke boodskap nie. Hy is oortuig dat die boek Openbaring ons verbeelding wil suiwer van alle politieke belange en 'n totaal nuwe verhouding tussen God en mense en hoe die wêreld kan en moet wees, verkondig. Blykbaar moet ons gesuiwer word van elke vorm van politieke denke om daardeur bevry te word vir 'n visie van 'n verhouding met God waarin die mens bevry is van politiek. Volgens Bauckham wil die boek Openbaring ons bevry sodat ons God se betrokkenheid in ons lewens kan ervaar los van die ervaring van politieke mag.

Duisendjarige Ryk

Die vraag wat vir ons hier belangrik is, is of Christus se koninkryk iets is wat los van die daaglikse werklikhede van ons lewens bestaan. Het die gebeure van ons lewe van elke dag, ook die politieke aspekte daarvan, betekenis vir die heele? Ons glo dat die heerskappy van die Messias van God hier en nou op aarde vorm kry – ook te midde van die politieke werklikhede waarmee ons elke dag te doen kry! Wat in die boek Openbaring belangrik is, is dat die Jerusalem wat uit die hemel kom, op aarde neerdaal! Daar bestaan nie 'n kontras tussen die hemel en die aarde nie. Die kontinuïteit word juis deur Johannes se profesie sigbaar gemaak – dit wat vir die mens sonder geloof, nie sigbaar is nie. Johannes wil die kontinuïteit tussen die finale en onbetwiste heerskappy van Christus en die moontlikhede van ons lewe van vandag, sigbaar maak. Al die opstand en rebellie wat vandag sigbaar is, kan die werklikheid van Christus se koninkryk nou reeds, nie ontken nie. Die duisendjarige ryk, wat niks anders is as Christus se heerskappy nie, is 'n kragtige simbool van die onskynbaarheid tussen wat vandag afspeel en die werklikheid van Christus se koninkryk.

Apokaliptiek

Talle teoloë beskou die apokaliptiek van Openbaring (= as 't ware die wêreldbeeld van die

As die liefde nie sigbaar is nie, sien ons niks.

Ook nie geloof en hoop nie.

- JP Versteeg

boek Openbaring) as 'n onttrekking aan die samelewing, politiek en geskiedenis. Johannes op Patmos se politieke idees is daarom nie van nut vir die politiek van ons wêreld nie. 'n Boek soos Openbaring word dan beskou as 'n soort "mitologie" wat die mens 'n manier gee om te ontvlug van die betrokkenheid by wat in ons wêreld gebeur.

Ons wil egter juis laat sien dat die beelde wat Johannes gebruik, nie 'n manier is om politieke kritiek te lewer, deur ons te onttrek aan die politieke werklikhede van elke dag nie. Hy is nie besig om 'n denkwêreld bo en buite ons lewe van elke dag te skep nie. Johannes se perspektief is 'n uitdrukking van 'n lewende hoop vir 'n lewende en werklike wêreld onder die heerskappy van Christus. Dit beteken nie dat politieke orde berus op die openbaring van brute krag en mag nie. Die politieke orde van Johannes berus op die waarheid van God se Woord in Jesus Christus. Die verskil wat ons elke dag ervaar tussen God se heerskappy en werklike historiese gebeurtenisse, word deur Johannes verduidelik en verklaar aan die hand van 'n verhaal en beelde wat die werklike betekenis van die sosiale wêreld in die heerskappy van Christus vind.

Die funksie van Johannes se politieke kritiek, is om die grense van ons politieke verbeelding te verruim en nie in te perk nie! Johannes se profesie wil politieke kritiek lewer om daarmee sy lesers te help om nie dit wat sleg is in bestaande politiek, te herhaal nie. Verder wil dit ons leer om vanuit ons geloofsoortuiging van politieke moontlikhede te praat en daarvoor te hoop, wat buite ons bestaande werklikhede is. Ons Christelike politieke verbeelding word deur Johannes gereinig / geheilig van slegte politieke denkpatrone en –praktyke, en geheilig vir goeie politieke denke en praktyke.

Die verseëelde boekrol

Aan die begin van Johannes se visioen (Openbaring 4 en 5), word die hele skepping voorgestel rondom die troon van God. Aan God word ononderbroke lof gebring. Die lof word slegs onderbreek deur die ontdekking van 'n

boekrol wat verseël is. Hierdie boekrol is 'n voorstelling van die geskiedenis van die wêreld. As verseëelde boekrol is die inhoud daarvan onbekend en onverstaanbaar. Dit is slegs wanneer die betekenis en doel van die geskiedenis van die wêreld aangedui kan word, dat die profeet se trane afgedroog kan word. Betekenis kan nie gevind word in 'n verseëelde boekrol nie. Die vertroosting van die evangelie in hierdie situasie is vir ons bekend. Christus is die een wat die boekrol kan oopmaak; Hy maak die betekenis en krag van ons geskiedenis en die politieke werklikhede bekend.

Sewe visioene

In Openbaring volg die drie siklusse, elkeen met sy sewe visioene, op Christus wat sy boekrol oopgemaak het. Die sewende visioen van elke siklus verteenwoordig elke keer die oorwinning van die Here Christus oor die bose. Een van die wapens wat gebruik word in die enorme politieke stryd hier op aarde, is die getuies van Christus. Dit word in Openbaring 11 voorgestel in die episode van die twee getuies in die stad. Die stad word gebruik as simbool van sterk georganiseerde politieke krag en mag. Dit is die groot stad wat Sodom en Gomorra genoem word, waar ons Here gekruisig is. Dit verteenwoordig die drang van die mens om met brute mag te oorweldig wanneer dit gekonfronteer word met die getuies van die Woord van die Here. Politiek word hier voorgestel as 'n mag teen die getuies van die Woord van Christus.

Gelowiges word deur Openbaring opgeroep om te hoop en te getuig oor 'n werklikheid wat nie deur mense bewerk kan word nie

'n Alternatiewe sig op die stad is moontlik. Openbaring 11 begin met die afmeting van die tempel. Hierdie tempel moet veilig bewaar word, terwyl die res van die wêreld rondom dit vertrap word deur die nasies. Hierdie tempel verteenwoordig die aanbidding van die heilige God. *Die politiek van mag en vernietiging word in Openbaring geopponeer deur die politiek van aanbidding van die Here!* Die resultaat van die

Ons "ou mens" het die onuitroeibare neiging om hom te verhef bo ander mense.

- GC den Hertog

politiek van aanbidding word in Openbaring 11 voorgestel as die koms van die koninkryk van Christus (vgl. Openbaring 11:15 – 19)!

Nabootsing

In Openbaring 13 word ons in beeldryke taal 'n voorstelling gegee van die pretensies van die politiek in diens van die ryk van die duisternis. Die Satan probeer voorgee dat hy kan bied wat Christus aan sy gemeentes belooft het. In Openbaring 13: 2 word die kroning van die Lam van God nageboots. In vers 13 word sy wond wat genees word, voorgestel as 'n krag waardeur die nasies in verwondering gebring word.

Regdeur die voorstelling van Johannes van die dier en sy koninkryk, kry ons die satan gefokus op sy pretensie om te kan bied wat die koninkryk van Christus deur God se genade vir die wêreld wil gee. Die bouse pretendeer om 'n basis te kan bied vir ware gemeenskap tussen mense en volke. Johannes gee deur sy profesie 'n goddelike evaluering hiervan. Johannes laat sien dat die bouse slegs aantreklik lyk, in soverre as wat dit 'n growwe nabootsing en verdraaiing vorm van wat Christus deur sy koninkryk kom gee het. Die gesag van die dier word gevestig deur die lastering wat deur hom verteenwoordig word; 'n powere nabootsing van Hom wat 'n Naam gekry het waardeur daar werklik bevryding en vrede en eenheid in die samelewing kan wees.

Die bouse het selfs sy eie valse profeet wat Christus met sy profete naboots! Hy doen wonderwerke om mense in vervoering te bring en hulle te mislei. Hy het selfs 'n valse seël van die doop! D.i. die merk op die hand en die hoof van sy volgelinge! Hulle wat sy merk in die samelewing, d.i. die politieke sfeer van die volke en ekonomiese mag, nie dra nie, word uitgesluit.

Geen politiek?

Wil Openbaring 'n anti-politieke boek wees? Ja, in soverre as wat volke en nasies die koninkryk van Christus wil teëstaan deur dit na te boots -

deur die mag en krag van die bouse. Gelowiges word egter deur die boek opgeroep om te hoop en te getuig in die samelewing van elke dag, oor 'n werklikheid wat nie deur mense bewerk kan word nie. 'n Werklikheid vir ons wêreld van vandag – die stad van God wat uit die hemel as genadegeskenk gegee word. 'n Stad waarvan Johannes die mooiste dinge te sê het en waarvan Augustinus nie uitgepraat kon word in sy aangrypende “Die Stad van God” nie.

DIE REGVERDIGING

C Bijl

Die regverdiging gaan oor die vraag: hoe sal dit tussen God en my weer regkom? Luther het die vraag so gestel: hoe kan ek 'n genadige God vind? Die Heidelbergse Kategismus, vraag 60: Hoe is jy regverdig voor God?

Daar word beweer dat die moderne mens nie met die probleem van God se toorn gepla is nie. Baie meer aktueel is die vraag: God, waar is U? Is U eintlik wel aanwesig in ons wêreld? Daar is geen vrees vir sy toorn nie, maar wel die vrees dat Hy nie hier is nie. Veral op hierdie punt word sekerheid gesoek. Asof ons (en God self!) al tevrede mag wees, wanneer ons slegs sou glo in sy bestaan en aanwesigheid. Asof dit die allerbelangrikste aspek van die geloof sou wees. Hierteenoor geld nog steeds wat Calvyn gesê het, dat die regverdiging die vernaamste pilaar is waarop die godsdiens rus.

Asof ek nooit sonde gehad het nie

Die sondeval in die paradys het 'n onomkeerbare proses in werking gestel. Dit kan nie meer gestop word nie. Sonde kan nie 'n natuurlike dood sterf nie. Dit het die eienskap om na alle mense oor te slaan en in elke mens verder te groei. Daarom wag almal sonder uitkoms vir die ewige straf aan liggaam

Die gesag van die Skrif is nie 'n gesag wat bind nie, maar 'n gesag wat ons vry maak.

- WN Clarke

en siel (HK antwoord 10).

Die regverdiging keer egter hierdie onomkeerbare proses om. Ter dood veroordeeldes *kry vryspraak*. Dit is regverdiging. Vyande van God sal as sy kinders aangeneem word. Selfs moordenaars en vervolgers van die kerk. Hierdie regverdiging stel God vir almal beskikbaar. Basuin dit uit!
En nie net solank daar voorraad is nie, dis beskikbaar vir elkeen wat glo.

Hierdie regverdiging is 'n geskenk uit die hemel. Alleen net God se inisiatief. Van ons kant is dit totaal onmoontlik om die sondeval wat eenmaal aan die gang gesit is, te stuit. Selfs al kan ons, wil ons dit nie doen nie. Dit is die groot verrassing van die evangelie, dat God 'n oplossing hiervoor gevind het.

Daar is vir God se alsiende oog selfs nie meer 'n spikkeltjie vuil in of aan my te sien nie. Asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie

Dink net hoe onvoorstelbaar lief Hy vir die mense moet wees, om dit te wil doen, gesien die groot offer wat Hy daarvoor gebring het. Die regverdiging is immers gebaseer op Christus se lyding en sterwe. Hy het deur sy lewe op aarde – tot en met sy dood aan die kruis – alle geregtigheid bemagtig wat ons eintlik moes volbring het. Dit reken God ons toe. En op grond daarvan *verklaar Hy ons regverdig*.

En daarom *is* ons dit ook!

Dalk nie volgens mense nie. En glad nie volgens my eie gewete, wat voldoende stof opgegaan het om 'n dodelike aanklag teen my te lê nie. Maar tog gee God my gewete nie gelyk nie. Hy verwys my gewete na die offer van Christus en spreek my vry. Dit vind so werklik en so radikaal plaas, dat ek as 't ware in die paradys teruggeplaas word. Ek mag weer kind van God wees, soos Adam. Daar is vir God se alsiende oog selfs nie meer 'n spikkeltjie vuil in of aan my te sien nie. Asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie (HK antwoord 60).

En wat moet ons daarvoor doen? Ons moet Christus omhels. God se verklaring van vryspraak aanneem. Dit is wat geloof inhou. Hier kom ons uit by die belangrike vraag na die *waarde* van ons geloof.

Is dit 'n prestasie van ons kant? Hoe gering ook al? Want een ding is seker: ons moet glo. Sonder geloof is daar geen vryspraak (of regverdiging) nie. Is hierdie geloof nie miskien so 'n effense teenprestasie van ons kant nie? Amper soos 'n geldjie wat ons moet ingee om so die onbetaalbare vryspraak daarvoor terug te kry? Maak ons onself deur te glo nie so 'n klein bietjie by God geliefd nie? Sodat Hy daarom vryspraak aan ons sal verleen?

Op al hierdie vrae is die antwoord: Nee. Die geloof is van onskatbare waarde! Daarsonder kry ons nie vryspraak nie. Maar dit maak ons nie vir God aanneemlik nie (HK vraag en antwoord 61). Dit is *slegs* die middel waardeur ons Christus, ons Geregtigheid omhels (Art 22 Nederlandse Geloofsbelijdenis). 'Slegs' is nie hier verkleinerend bedoel nie, maar trek haarfyn die grens vir die geloof: geloof is aanneem. Niks minder as dit nie. Maar ook niks meer nie. Net dit: 'slegs' ons leë hand wat ons ophou en wat God vol maak met sy genade.

Dankbaarheid is 'n blom wat slegs groei in die tuin van genade.

- JP Versteeg

KERKDIENS – WERKDIENS

HP Dam

Doen dit nog iets aan ons as ons kerk toe gaan? Word ons nog deur die predikant se preke aangespreek? Sit dit wat ons in die kerkdiens ondervind, ons nog aan die werk?

’n Kerkdiens kos heelwat investering, veral van die dominee se kant af. Maar wat is die opbrengs daarvan? Dit hang mede daarvan af wat jy self in die erediens belê, en of jy die huiswerk doen wat aan jou gegee word. Hierdie artikel gaan nie oor die predikant wat sy beste moet lewer nie, maar oor die kerkganger wat self aan die werk moet spring.

’n Kloof

Op Sondag is ons met baie ander dinge besig as gedurende die week. Ons is ses dae per week besig met allerhande bedrywighede, maar op Sondag word ons aandag gevra vir die diens van die Here.

Ontstaan daar nie ’n kloof tussen die eerste dag met sy kerkdienste en die orige dae van die week nie?

As die kontras tussen die twee baie groot is, dan gaan dit uiteindelijke probleme veroorsaak op die Sondag. Immers, kan ’n preek nog posvat in ’n lewe wat ses dae so vol geraak het met baie ander dinge? As ons lewe besig is om te vervreem van die boodskap van die evangelie, sal hierdie boodskap Sondag ook nog maar min vir ons beteken.

Is dit te gewaag om ons verhouding met die Here dan te vergelyk met ’n LAT-verhouding (Living Apart Together)? Eenmaal per week soek jy Hom op en gaan dan weer jou eie gang.

Oorbrugging

Die Here lewe met ons in ’n verbond. Hy vergelyk daardie verbond gereeld met ’n huwelik. ’n Huwelik is ’n permanente, intieme verhouding. Binne die verhouding word die bloei deur hoogtepunte gekenmerk.

Die onderhouding van die Sabbat noem die Here ’n teken tussen Hom en die volk

(vgl. Eks. 31:13; Eseg. 20: 12, 20, sien ook Jes. 56:6). Daar is ’n vaste band tussen Hom en sy volk:

Hy is hulle God, hulle is sy volk. Daardie permanente band moet tot uiting kom in die trou en blydschap waarmee Israel die Sabbat gevier het.

Ons kan hieruit leer dat die Sondag geen geïsoleerde hoogtepunt in ons lewens behoort te wees nie. Juis omdat dit dreig om geïsoleerd te word, kan dit geen hoogtepunt meer wees nie.

Die Sondagsviering kan net baat vind by iemand wat daagliks sy blydschap vind in die lewe met die Here. As iemand daagliks met God se Woord lewe, sal hy hom ook op Sondag gouer aangespreek voel. Hy hoef nie lank te soek na die regte golfengete nie.

As ons lewe besig is om te vervreem van die boodskap van die evangelie, sal hierdie boodskap Sondag ook nog maar min vir ons beteken.

Vóór kerk

Om kerk toe te gaan vra vir goeie voorbereiding. Kerkgang begin in jou hart. Staan voor die tyd daarby stil hoekom jy kerk toe gaan. Wat trek jou soontoe? Wie mag jy daar ontmoet? Wat mag jy daar ontvang? Maar ook: wat gee jy? Want ’n kerkdiens is nie ’n passiewe aangeleentheid waar jy net kan ontvang nie. Jy gee jouself in aanbidding en lofsang, jy lewer jou deel aan die gemeenskap met God en met mekaar. Kerk toe gaan vra geestelike voorbereiding.

’n Kerkdiens moet ook deur jou gebed gedra word. Bid vir die dominee. Moenie daarmee wag tot Saterdagmiddag nie, want dan sal sy preek tien teen een al klaar wees. Bid dat die eredienste geseën mag word. Bid dat die Here jou in staat sal stel tot toewyding en aandag.

As deel van die voorbereiding behoort jy daarvoor te sorg dat jy nie net geestelik maar ook liggaamlik gereed sal wees vir die erediens. Moet dus nie Saterdagmiddag te laat gaan slaap nie.

Tydens die diens

Lees vóór die diens die Bybelgedeelte en die teks deur. Neem ’n aktiewe luisterhouding aan. Maak aantekeninge tydens die preek as dit jou sal help om

Elke woord in die Bybel wys na Christus.

- M Luther

te luister. Probeer goed vashou aan wat die hoofboodskap van die preek is. Meestal word dit in kort weergegee in die tema.

Neem aktief deel aan die sang, gebed en belydenis.

Na kerk

Die boodskap van die preek vra om opgevolg te word in jou lewe. Dit kan net plaasvind as jy die boodskap op jou laat inwerk. Vra jousef na die diens af wat die boodskap van die preek ingehou het. Wat jy daaruit gekry het in die vorm van onderwysing, bemoediging, en vermaning.

Wat moet daar verander (na aanleiding van die preek) in jou verhouding met die Here, die omgang met ander en met jousef?

Om 'n preekbespreking te hou is 'n goeie manier om jousef en mekaar te bepaal by die boodskap van die preek. Praat saam verder oor die preek. Hetsy by die huis met moontlike gaste of reël saam met ander 'n preekbesprekingsgroep of wyksaand waarop jy die preek kan deurpraat. Die dominee kan gevra word om so nou en dan aanwesig te wees. Hy kan ook nog verder saamwerk om die boodskap goed te laat inwerk deur hande en voete te probeer gee aan dit wat in die preek na vore gekom het. Of dalk deur 'n weekrooster op te stel met verskillende Bybeltekste wat aansluiting vind by die preek.

Werkdiens?

God se woord bevat 'n boodskap van genade.

Genade kan jy alleen in geloof ontvang en nie verdien nie. In die kerkdienste deel God sy genade uit. Met die woord 'werkdienste' wil ek nie aanspoor tot werkheiligheid nie. Maar om die genade van God te wil ontvang vra gewis aktiwiteit van ons. God skakel ore, breine en harte in. Hy vra aandag en gee huiswerk.

Wie weksdae intensief besig is met die preke wat hy gehoor het mag die vrugte daarvan pluk in sy lewe. Ook die kloof tussen Saterdag en Sondag sal dan kleiner word.

Dit wat nie met die Skrif ooreenstem nie, kom nie van God af nie.

- L Morris